

# Volkshulp Nuusbrief

## IN DIE UITGAWE:

Klere Afdeling	2
Snuffels Winkels	2
Snuffels 1	3
Snuffels 4	4
Bon Accord Missiekamp	4

## Waar alles begin

Volkshulp 2000 is 'n geregistreerde, nie winsgewende Organisasie wat op 21 Julie 1991 gestig is om die nodige lewensmiddelle soos: voedsel, klere en ander buikbare huishoudelike goedere om ons eie hulpbehoewende volksgenote te help.

Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer.

Volkshulp 2000 ontvang geen hulp van die Staat of ander Organisasies nie en is slegs afhanklik van ons volksgenote wat bydraes lewer in die vorm van finansieële ondersteuning en skenkings van kos, klere en diverse goedere om ons behoewendes te help om hulle lewensomstandighede te verbeter. Volkshulp 2000 se missie is ook om werksgeleenthede te skep sodoende om ons



hulpbehoewende volksgenote op 'n volhoubare wyse te help.

## Donasies Ontvang

Somtyds ontvang ons ook besondere en rare items.

Ons het onlangs die pragtige bronsblikkie van 'n anonieme skenker ontvang. Die blikkie is gedateer "Christmas 1914" en is vervaardig in Groot Britanje.

Die geskiedenis van die blikkie is as 'n geskenk deur Prinses Mary aan soldate in die Britse Weermag gedurende die 2de Wêreldoorlog. Op die boksie se hoeke staan die name van die lande wat deelgeneem het aan die oorlog, "France", "Russia", "Japan", "Belgium" en "Servia". Dit maak hierdie blikkie 'n volle 105 jaar oud. Dit is 'n baie interessante stukkie geskiedenis en sal verseker vir 'n versamelaar van waarde wees!



## Klere-afdeling

Volkshulp 2000 help daaglik met uitreiking van klere aan ons behoewendes wat kom aanklop vir hulp.

Met die winter hier is dit nou 'n groot aanvraag. Daar is ook 'n groot tekort aan mans en dames klere in groter nommers. Dit is skaars en het tot gevolg dat ons van die behoewendes nie hiermee kan bystaan nie!

By die klere afdeling sorteer ons die klere en groepeer ons dit as mans, dames, kinder klere om die behoewendes vinnig te help. Die waardering wat dan op hulle gesiggies verskyn maak ons harte bly met die wete ons kon hulle help.

Die jaar is ook amper verby en weer tyd vir die Matriek afskeid. Ons het 'n paar mooi rokkies waarmee ons, ons meisies wat dit nie kan bekostig kan help om ook hier op hulle mooiste te kan lyk. Ons het ook selfs die oulikste dooprokkies en rokkies vir die klein prinsessies. By die mans-afdeling probeer ons sover moontlik help met manspakke en dasse indien iemand dit nodig het vir 'n werksonderhoud of spesiale geleentheid

Ons by Volkshulp 2000 help waar ons kan.



*"The heart of a volunteer is never measured in size but by the depth of the commitment to make a difference in the lives of others."*

*De-Ann Hollis*

## Snuffels Winkels

Volkshulp 2000 het drie Snuffels winkels. Dit is die lekkerste winkels is om in rond te snuffel vir winskope teen bekostige pryse.

Iets van alles is beskikbaar in die winkels.

Die meubels en elektroniese toerusting wat in die winkels is, kan aangekoop word teen 'n bekostigbare prys.

Die winkels bied nie net die geleentheid vir 'n winskoop of twee nie maar die inkomste wat ons daaruit genereer help Volkshulp2000 met ons missie van hulpverlening en werkskepping.

**Snuffels 1** in gelëe in East Lynne, East Park Sentrum, Baviaanspoortweg op die 1ste vloer reg oorkant die Poskantoor.  
**Tel: 012 755-8185**

**Snuffels 3** is gelëe in Dr. De Villiers Straat, Danville.  
**Tel: 012 755-8187**

**Snuffels 4** is gelëe in Pre Noord, Gerrit Maritz Straat Prenor Gebou Nr. 2.  
**Tel: 012 755-8183**

**KOM SNUFFEL  
GERUS IN ONS  
WINKELS ROND**



## Snuffels 1

### Brief van die Winkelbestuurder

Eerstens wil ons vir Hoofkantoor se Uitvoerende Bestuurder en personeel bedank vir al hulle harde werk, ondersteuning en bystand. Baie baie dankie aan julle.

Hier by Snuffels 1 werk ons baie hard en ons is soos 'n gesin. Ons ondersteun mekaar, staan mekaar by deur goeie en slegte tye,

ons voel mekaar se diepste seer, mekaar se grootse geluk, ons is 'n familie hier by ons winkel.

Ons winkel is altyd netjies en skoon. Ons verander elke week ons vloer uitleg en maak dit interessant vir ons Kliënte. Ons Kliënte is baie tevrede en voel ook deel van een groot familie. 'n Groot dank ook aan al ons getroue Kliënte wat ons winkel ondersteun wat ook

help om ons behoewendes te voorsien van kos.

Baie Dankie

Pat Oosthuizen

Winkelbestuurder

## Snuffels 1 Nuus

### 'n Brief ontvang van 'n gereelde kliënt:

Hi

Ek is Elize Peensen 'n jare lange kliënt by Snuffels 1. Ek ondersteun die winkel van die tyd wat hulle nog in die ander winkel was. Die winkel was deur die jare die lekkerste kuier en koop winkel wat daar is. Ons is soos 'n groot familie.

Die Bestuur en Personeel is fantasties. Ek

hou daarvan as daar nuwe voorraad en meubels inkom! ek is seker daarvan die geld wat ek hier bestee het, het baie gehelp! Die atmosfeer is opgewek, die musiek opbeurend en die winkel is altyd netjies, skoon en altyd interessant geskuif.

By voorbaat dank vir 'n klomp jare se goeie herinneringe! Patty is soos 'n suster vir my.

E. Peens



*Flavor Wave Display Oven – R300.00*

## Snuffels 1 Promosie

Snuffels 1 loop nou 'n het 'n verskeidenheid van goedere in hulle winkel. Onder andere die "Convinient Oven" wat tans op promosie is teen R300.00.

Daar is ook pragtige porseleinpoppe te koop.

Kom loer ook in vir spesiale pryse op meubels, klere, skoene en nog vele meer.



**Volkshulp 2000**  
Steadlaan 246  
Queenswood

**Tel:**  
012 755-8201/2/3

**Loopfoon:**  
078 158-05495

**Vonkpos:**  
bestuur@volkshulp.org.za

Met saamwerk sal ons streef  
Om ter eer van God te leef



Besoek ons webwerf gerus vir  
meer inligting!

[www.volkshulp.org.za](http://www.volkshulp.org.za)

Volg ons op Facebook

[facebook.com/  
Volkshulp2000.amptelik](https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik)

## Bon Accord Missiekamp

Op 14 Maart 2019 en op 16 Mei 2019 het Volkshulp 2000 weereens na Bon Accord Missiekamp gery met 'n bakkie vol klere, speelgoed en meubels.

Die inwoners van die missiekamp was baie dankbaar en die kinders het dadelik met die speelgoed gespeel.

Aan al ons skenkers en donateurs sê Volkshulp 2000 baie dankie. Dis as gevolg van al julle skenkings dat ons dit vir hulle kon neem om hulle lewe ook makliker te maak.



## In ons volgende uitgawe

- Meer oor Volkshulp 2000
- Tekkie Tax 2019 by Hoofkantoor.
- Snuffels 3
- Hardeware afdeling
- Missiekamp Sonsynhoekie
- Louis Botha Kinderhuis